

Graan SA Oggend Markkommentaar

GRAIN SA GRAAN SA	DATUM	DATUM		+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE		
	2017/06/23	2017/06/22		2017/06/12		2017/05/15		2016/06/14		
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	
DJIA-index	21397	-12.74	↓ -0.1%	21410	↑ 0.5%	21272	↑ 2.8%	20805	↑ 21.1%	17675
Goud (Spot)	1252.52	-0.09	↓ 0.0%	1252.61	↓ -1.2%	1267.62	↑ 0.0%	1252.39	↓ -2.5%	1285.08
Brent \$/vat	45.93	1.22	↑ 2.7%	44.71	↓ -5.2%	48.45	↓ -15.0%	54.04	↓ -6.5%	49.10
1 € / US\$	1.1167	0.000	↑ 0.0%	1.1167	↓ -0.1%	1.1212	↓ -0.2%	1.1189	↓ -0.3%	1.1205
1 US\$ / ZAR	12.95	-0.040	↓ -0.3%	12.99	↑ 0.7%	12.86	↓ -2.0%	13.21	↓ -15.3%	15.29
Corn	R 1 845.53	-31	↓ -1.7%	R 1 876.80	*CBOT Corn Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Jul 12:00 the previous day					
Wheat	R 2 193.58	3	↑ 0.1%	R 2 190.81	*CBOT Wheat Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Jul 12:00 the previous day					
Soybeans	R 4 301.51	-80	↓ -1.8%	R 4 381.62	*CBOT Soy Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jul 12:00 the previous day					
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)										
Corn May 17	362.00	-5.00	↓ -1.4%	367.00	↓ -6%	387.00	↓ -3%	372.00	↓ -20%	453.50
Wheat May 17	461.00	2.00	↑ 0.4%	459.00	↑ 4%	445.00	↑ 6%	435.00	↓ -16%	549.75
Soybeans May 17	904.00	-14.00	↓ -1.5%	918.00	↓ -4%	941.00	↓ -5%	953.00	↓ -17%	1089.75
.										
SORGHUM Jul '17	2700.00	-57.00	↓ -2.1%	2757.00	↓ -5.3%	2850.00	↓ -6.9%	2900.00	↓ -28.3%	3765.00
WMAZ Spot	1727.00	-27.00	↓ -1.5%	1754.00	↓ -2.3%	1768.00	↓ -3.6%	1791.00	↓ -64.9%	4916.00
WMAZ July 17	1734.00	-28.00	↓ -1.6%	1762.00	↓ -3.0%	1788.00	↓ -3.2%	1792.00	↓ -47.9%	3326.00
WMAZ Sept 17	1795.00	-21.00	↓ -1.2%	1816.00	↓ -2.9%	1848.00	↓ -3.1%	1852.00	↓ -63.9%	4979.00
YMAZ Spot	1865.00	-17.00	↓ -0.9%	1882.00	↓ -1.7%	1897.00	↓ -1.4%	1891.00	↓ -50.8%	3792.00
YMAZ July 17	1876.00	-16.00	↓ -0.8%	1892.00	↓ -2.1%	1917.00	↓ -1.9%	1912.00	↓ -47.1%	3241.00
YMAZ Sept 17	1918.00	-21.00	↓ -1.1%	1939.00	↓ -2.7%	1972.00	↓ -2.6%	1970.00	↓ -50.4%	3870.00
SOY Spot	4534.00	-55.00	↓ -1.2%	4589.00	↓ -0.2%	4543.00	↓ -3.2%	4682.00	↓ -42.5%	7886.00
SOY July 17	4558.00	-54.00	↓ -1.2%	4612.00	↓ -0.7%	4588.00	↓ -3.2%	4757.00	↓ -42.5%	7921.00
SUN Spot	4445.00	-45.00	↓ -1.0%	4490.00	↓ -1.9%	4530.00	↓ -3.1%	4685.00	↓ -33.2%	6655.00
SUN July 17	4466.00	-52.00	↓ -1.2%	4518.00	↓ -2.6%	4587.00	↓ -7.0%	4800.00	↓ -33.4%	6705.00
WHEAT Spot	4480.00	15.00	↑ 0.3%	4465.00	↓ -0.1%	4484.00	↑ 0.7%	4450.00	↓ -5.4%	4787.00
WHEAT July 17	4404.00	-18.00	↓ -0.4%	4422.00	↓ -1.2%	4458.00	↑ 0.2%	4397.00	↓ -3.7%	4824.00
WHEAT Dec 17	4177.00	7.00	↑ 0.2%	4170.00	↓ -0.5%	4196.00	↓ -0.5%	4200.00	↓ -11.9%	4743.00

NUUTSTE MARKINLITING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERS LAE

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R12.95/\$ wat effens sterker is as gister se R12.99/\$, waarteen dit verhandel het met marksluiting. Die rand het weer ondersteuning gevind nadat die konstitusionelehof beslis het dat daar wel'n geheime stemming in die parlement kan plaasvind met die mosie van wantroue in President Jacob Zuma, maar die hof kan nie die stemming op die parlement afdwing nie en dus moet die speaker self die besluit neem of dit so gaan plaasvind al dan nie. Die speaker het al met'n vorige geleentheid aangedui dat sy nie gekant is daarteen nie, maar dat sy nie die mag het om daaroor te besluit nie. Die hof het egter beslis dat sy wel die mag het om hierdie besluit te neem en dus gaan dit nou afhang van wat die speaker se beslissing is in hierdie verband. Die rand het die afgelope tyd weer heelwat onsekerhede getoon na die openbare beskermer se verslag waarin sy aanbevelings maak dat die primêre doel van die Reserwebank hersien moet word. Die parlement, die SARB en ABSA wil nou die hof nader om hierdie aanbevelings van die openbare beskermer opsy te sit aangesien hulle reken dat hierdie tipe aanbevelings ongrondwetlik is en dat dit buite die OB se mandaat is om hierdie tipe aanbevelings te maak.

Mielies: Die Amerikaanse mielieprys het gister laer verhandel en verhandel teen die laagte vlakke sedert April. Die Julie en Desember kontrak prys verhandel beide laer as belangrike bewegende gemiddelde prysen en met'n RSI van onder 40 op die tegniese grafieke. Die weersvoorsigte in die 6 – 10 voorspelling is toon gunstige omstandighede vir reën in die Midde wese met'n totaal van'n duim of meer in die Noordelike gedeeltes van Illinois en die noordooste van Iowa. Die koeler temperature wat voor spel word sal ook gunstig wees vir die vroeë mielies wat aangeplant was en nou in die bestuivingsfase inbeweeg. Die weeklike uitvoerverkope wat gerapporteer was is aan die lae kant van die weeklike handelsverwagtinge wat daar in die mark was. Die hoof fokus in die internasionale mielieemark sal steeds op die weerstoestande wees in die Midde wese waar daar ook storms verwag word. Teveel reën kan nou net so nadelig wees soos te min reën. Die verwagtinge vir die oppervlakte wat aangeplant is verslag wat volgende week bekend gestel word is dat die oppervlakte redelik dieselfde sal wees as wat die huidige USDA skatting is. **Plaaslik:** Die plaaslike mielieemark het gister meestal laer verhandel en al die kontrak maande van beide wit en geelmielies het die dag laer afgesluit. Die prys verhandel redelik goed in lyn met die pariteitspryse en die mark het onder druk gekom met die skerp daling wat in die internasionale prys gesien was.

Sojabone: Die VSA sojaboonmark het teen die laagste vlak sedert April 2016 gesluit en verhandel sterk onder belangrike bewegende gemiddelde prys. Die Julie kontrak se RSI op die tegniese grafiek is tans op 34 wat naby aan die oorverkoop gebied is. Die kontrak is oorverkoop op die tegniese grafiek wanneer die RSI 30 en laer is. Die koel net weerstoestande wat voor spel word het meer werkope die mark gestimuleer dieselfde wat ook Dinsdag in die mark gesien was. Groot wêreld voorrade van sojabone as gevolg van die goeie produksies wat in Suid Amerika gesien was die seisoen en beter weerstoestande in die VSA plaas druk op die internasionale sojaboonpryse. Die produsente in die VSA het aangedui dat hulle meer sojabone sal aanplant hierdie seisoen en die oppervlakte wat aangeplant is word volgende week deur die USDA gerapporteer. Die verwagtinge is dat die oppervlakte effens meer kan wees as wat die huidige skatting is. In die weeklike uitvoerverslag het die weeklike uitvoere ook die handelsverwagtinge vir die week met'n groot hoeveelheid gemis wat ook druk op die Amerikaanse sojaboonpryse plaas. Die weerstoestande is tans die hoof faktor wat dopgehou sal word deur die internasionale handelaars. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister meestal laer verhandel en het die dag laer afgesluit vir al die kontrakte wat tans gelys is. Die plaaslike prys volg die internasionale prys redelik sterke na en verhandel min of meer saam met die pariteite.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister gemeng verhandel met die winterkoringmark wat meestal onveranderd tot laer verhandel het vir die dag terwyl die lente koring die dag hoër afgesluit het. Die lente koring het weer ondersteuning gevind nadat dit Woensdag laer verhandel het. Druk van die laer mielie en sojaboonpryse het ook op druk geplaas op die koringmark en het winste beperk. In die weeklike uitvoerverslag wat gister gerapporteer is, het die weeklike uitvoere vir die handelsverwagtinge oortref met die lente koring wat die grootste gedeelte van die uitvoervolumnes opgemaak het. Die weerstoestande sal dopgehou word in die VSA vir die lente koring met die reën wat in Dakota voor spel word wat gunstig sal wees vir die produksie daar. Die reën wat vir Kansas voor spel word kan moontlik die stroop proses van die winterkoring effens vertraag. Die produksiekondisies in die EU sal dopgehou word met gemengde toestande in die verskillende produserende lande wat strek van goed tot en met probleme in sommige areas. Die hoof fokus in die internasionale koringmark sal wees op die produksiekondisies van die lente koring en die stroop vordering van die winterkoring. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister gemeng verhandel met die Julie en September kontrak wat effens laer afgesluit het terwyl die ander kontrakte effens sterker verhandel het vir die dag. Daar was egter nie groot prysbewegings gesien in die mark nie. Die invoertarief was gister weer laer getriger op die aanvanklike formule tot en met R892.32/ton. Die nuwe hersiene tarief formule is egter laat gister middag afgekondig en die tarief vir die hersiene formule is R947.20/ton. Die detail van die hersiene tarief sal bestudeer word en aan die lede gekommunikeer word.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za

Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur: Michelle Mokone & Luan Van der Walt / Vir navrae, kontak: Michelle@grainsa.co.za & Luan@grainsa.co.za

Dankie aan die Mieliestrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

